

GENEALOGIE

Die Appel wat onder die Botha-boom geval het

JACO M. GREEFF

Vrydag 16 Augustus 2013

Toe die Kaapse burgers Jan Cornelitz en Maria Kickers se huwelik in 1700 ontbind is – ’n seldsame gebeurtenis vir die tyd – het inligting op die lappe gekom wat wys die helfte van vandag se Bothas is bes moontlik Appels ... Jaco M. Greeff beskryf sy speurtog in die argiewe en laboratorium.



'n Paar dae voor vanjaar se Comrades-ultramarathon sien ek die koerantopskrif "Botha die grootste van in die Comrades".

Ek weet dis nie hééltemal waar nie, maar kan niks sê voordat ons navorsing afgehandel is nie.

Ander vanne waarvan daar 'n hoë getal inskrywings was, is Smith, Dlamini, Naidoo, Van der Merwe en Pretorius. Wat die Afrikaanse vanne uniek maak, is dat ons normaalweg weet wie elkeen se stamvader was.

So het Willem van der Merwe in 1660 van Holland af hier aangekom, en Johannes Pretorius, ook van Nederland, het in 1674 permanent aan die Kaap kom bly.

Ons weet egter baie minder van ons stammoeders af.

Die naam Maria Kickers lui byvoorbeeld by die meeste mense glad nie 'n klokkie nie, maar sy is die stammoeder van een van die grootste en oudste families: die Bothas. Vandag is daar meer as 76 000 Bothas in Suid-Afrika, hoewel dit maar net 'n fraksie van al Maria Kickers se nasate is omdat dit net die manslyne insluit wat regstreeks met haar verbind.

Eksel is 18 keer aan Maria verwant.

'n Lang ruk het mense gedink Maria Kickers was een van die weeskinders wat deur die VOC na die Kaap gebring is om die tekort aan vroue te verlig, maar die genealoog Richard Ball het in 'n artikel duidelik bewys sy was nie onder hulle nie.

Die rede waarom mense haar so maklik in die weeskind-kategorie geplaas het, is waarskynlik omdat dit in daardie dae hoogs ongewoon was vir ongetroude vroue om op hul eie na die Kaap te kom.

Maria verskyn egter uit die niet toe sy in 1683 in Kaapstad met die wewenaar Jan Cornelitz trou en uit die kerkrekords blyk dit sy was 'n jong vrou van Amsterdam. Maria moes sekerlik 'n interessante karakter gewees het.

'Onbeqwaamd' in die bed

Die meeste mense is onbewus van die Botha-familie se kleurrike ontstaan.

In die eerste 17 jaar van die Cornelitz-huwelik skenk Maria geboorte aan sewe kinders en van almal buiten een is die doop-inskrywing bewaar. In al ses die inskrywings word Jan Cornelitz as pa van die kinders aangegee.

Tuis was alles egter nie pluis nie. In Mei 1689 getuig twee vroue voor die hof Maria het hulle vertel Frederik Botha is eintlik haar tweede kind se pa. Frederik het saam met Maria se man om 'n deel geboer en die saak was waarskynlik 'n poging om Maria in toom te probeer hou.

Die vroue het ook gesê Maria het hulle vertel haar eerste kind, Theunis, is eintlik Ferdinandus Appel s'n. Ten tyde van die vermeende owerspel was Ferdinandus Appel 'n ongetroude man van 20. Maar in 1700 spat die vonke rêrig toe Jan om 'n egskeiding vra.

Voor die hof het Jan Cornelitz beweer Frederik Botha is die vader van ál Maria se kinders en dat hy swak in sy eie huis behandel is. Maria het nie die beweerde vaderskap van haar kinders ontken nie, maar gesê Jan was "onbeqwaamd" en hy het haar selfs aangemoedig.

Jan het ontken dat hy impotent is, maar hy moes minstens 20 jaar ouer as Maria gewees het. Hy het al in 1666 na die Kaap gekom en 'n skamele drie jaar ná die egskeiding is hy kwytgeskeld van militêre diens weens sy gevorderde ouderdom.

Dat Jan drie kinders by sy eerste vrou gehad het, wys hy was waarskynlik nie onvrugbaar nie. Sy gevorderde ouderdom in ag genome kon sy huwelik dalk by vandag se blou pilletjies baat gevind het ...

Die egskeiding is toegestaan, maar Maria het nie toestemming gekry om weer te trou nie. In 1701 dui die bevolkingsopname daarop dat Maria alleen in Stellenbosch gewoon het, maar Frederik het saam met sewe kinders, maar geen vrou nie, gebly.

Hierdie inligting was waarskynlik 'n kluitjie om die owerhede in die donker te hou oor hul saamwony. In 1702 doop Frederik en Maria 'n kind saam.

In 1706 haal die wet hulle in en die twee word vir tien jaar, apart, na Mauritius verban omdat hulle onwettig saamgebly het. Dit lyk egter nie of die vonnis voltrek is nie.

Jan het in 1713 gesterf en Maria en Frederik het kort daarna getrou. Ironies is Frederik kort daarna oorlede.

Y-chromosoom die sleutel

Op die ou end het al Maria se kinders die van Botha, eerder as hul doopvan, Cornelitz, gebruik. Maar was hulle almal werklik Frederik Botha se kinders of was van hulle dalk Jan Cornelitz s'n?

Of steek daar enige waarheid in die twee vroue se getuienis?

Gelukkig bied DNS deesdae 'n moontlike antwoord. Mans se Y-chromosoom word feitlik identies van pa na seun oorgedra, net soos ons vanne. Om dus uit te vind wie Maria se vier seuns se pa (of dalk pa's) was, het ek en my doktorale student Christoff Erasmus die Y-chromosome van mansafstammeling van Maria se vier seuns bestudeer.

As al die seuns dieselfde stamvader gehad het, sal hulle almal dieselfde Y-chromosoom hê, maar as hulle verskillende pa's gehad het, sal die Y-chromosome verskil.

En ons bevinding – gepubliseer in die vaktydskrif *Forensic Science International: Genetics* – is ... Die Y-chromosome van die afstammeling van Maria se eerste seun is anders as dié van haar laaste drie seuns en die laaste drie het almal dieselfde pa gehad!

Om vas te stel of die eerste seun dalk Ferdinandus Appel s'n was het ons 'n paar hedendaagse Appel-mans se Y-chromosoom bekyk. Een van hierdie mans s'n was identies aan dié van Maria se eerste seun se nasate, afgesien van 'n enkele mutasie.

Die kans dat die Y-chromosoom van hierdie Appel en nasate van Maria se eerste seun verwant is, is 130 keer hoër as die kans dat iemand per toeval 'n soortgelyke Y-chromosoom gehad het.

Appels met Bothas vergelyk

Uit hierdie inligting kan 'n mens aflei Maria se eerste seun was wel Ferdinandus Appel s'n, maar die ander seuns het waarskynlik Frederik Botha as pa gehad.

Dit word gesteun deur die kinders se gebruik van die van Botha eerder as Cornelitz. Jan se getuienis (asook Maria s'n) dat al haar kinders Frederik Botha s'n is, vorm 'n sterk saak dat nie een van haar seuns Jan Cornelitz s'n was nie. Die feit dat Maria in 1700 niks oor Ferdinandus Appel aan die howe gebieg het nie, was seker om haar naam te beskerm.

Vandag is Appel 'n baie ongewone van –in Telkom se aanlyn telefoongids word net 94 Appels teenoor meer as 7 000 Bothas gelys. Wat hierdie stukkie geskiedenis nóg interessanter maak, is dat Theunis, Maria se eerste seun, 'n baie vooruitstrewende man was. Teen 1780 was sy mansnasate in getal gelyk aan dié van die ander drie broers s'n saam.

'n Monster wat ons van 15 Botha-mans geneem het, wys sewe het 'n “Appel”-Y-chromosoom en agt 'n “Botha”-een. Dit dui daarop dat amper die helfte van die Bothas vandag eintlik Appels moet wees – 38 000 mense!

Uit genealogiese inligting weet ons sowel genl. Louis Botha as P.W. Botha stam eintlik van Ferdinandus Appel af, terwyl Pik Botha se stamboom na Frederik Botha teruglei.

Maria en Jan se egskeiding was baie ongewoon – in die eerste 50 jaar van die Kaapkolonie se bestaan is net drie toegestaan weens owerspel. Ons data van meer as 20 ander vanne wys bittermin ander gevalle van vals vaderskap.

DNS is al verskeie kere gebruik om antieke verwantskappe – soos byvoorbeeld tussen die farao's van Egipte – uit te plus, maar ons glo hierdie 313 jaar oue egskeiding is waarskynlik die oudste van sy soort waarin DNS bruikbare inligting oor omstrede vaderskappe kon bied.

- Jaco is 'n professor in genetica by Tukkies. Hy lewer oor twee weke – op Saterdag 31 Augustus om 09:45 – 'n gratis praatjie oor hierdie navorsing op die Genealogie-en-familie-erfenisfees van die NG gemeente Lynnwoodrif in Pretoria.